

SARS Doeane konfiskeer onwettige katalitiese omsetters ter waarde van R21 miljoen

Tshwane, 2 Februarie 2022 - Die doeane-afdeling van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het drie beslagleggings by die OR Tambo Internasionale Lughawe uitgevoer van katalitiese omsetters en fyngemaakte poeier uit die kern van 'n katalitiese omsetter, ter waarde van R21 miljoen. Die fyngemaakte poeier, wat uit die kern van die katalitiese omsetter onttrek word, dra by tot 'n nuwe dwelmgier.

Die doeane honde-eenheid het die drie besendings, wat 2 649 kg weeg en vir Dubai, die Verenigde Koninkryk en Jordanië bestem was, onderskep.

Die katalitiese omsetters en die poeier wat uit die kern van 'n katalitiese omsetter onttrek is, was in metaaldromme en sakke versteek. Sien aangehegde foto's.

'n Katalitiese omsetter bevat metale soos palladium, rhodium, platinum en goud. Deur 'n verfyningproses kan hierdie metale onttrek word en vir die vervaardiging van juwele, motoronderdele en wapens gebruik word.

Die kern van 'n katalitiese omsetter, wat die uitlaat van giftige gasse verhoed, kan as fyn poeier gemaal word en vir die vervaardiging van 'n giftige dwelmmiddel gebruik word. Dit het gelei tot 'n toename in diefstal van katalitiese omsetters in sommige lande.

Die besending is as keramiek katalitiese monster verklaar. Die Suid-Afrikaanse Polisie se direktoraat vir prioriteitsmisdaadondersoeke (Valke) is van die beslaglegging ingelig en die goedere is aan hul oorhandig vir verdere ondersoek.

SARS-kommissaris Edward Kieswetter het die doeanebeamptes van die honde-eenheid geloof vir hulle paraatheid in die voorkoming van onwettige handeldryf in middels wat vir die vervaardiging van wapens en dwelms gebruik kan word.

"Die beslagleggings is bewys van die toewyding van SARS se doeanebeamptes om onwettige handeldryf in gevaarlike middels hok te slaan," het mnr. Kieswetter gesê.

Vir meer inligting, kontak Sarsmedia@sars.gov.za.

